
# BOEKBESPREKINGS/ BOOK REVIEWS

J.S. Bergh en J.C. Visagie. *The eastern Cape frontier zone 1660-1980: a cartographic guide for historical research*. Durban: Butterworths, 1985. 83 pp. Geïll. R42,94 (eksklusief). ISBN 0 409 11142 2.

Die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is betreklik arm aan historiese atlasse. E.A. Walker se *Historical atlas of South Africa* en E. Stockenström se *Historiese atlas van Suid-Afrika* het reeds in die jare twintig verskyn en is lank reeds versamelaarstukke. Selfs A.J. Böeseken se skoolatlas *Geskiedenisatlas vir Suid-Afrika* uit die jare veertig wat reeds herhaaldelik herdruk is, is tans nie meer geredelik beskikbaar nie. *The eastern Cape frontier zone* van Bergh en Visagie kom gevolglik soos 'n verkwikkende reënbui na 'n lang droogte. Dit breek egter nie die droogte op die gebied van historiese atlasse nie, want, soos die titel aandui, is dit slegs 'n streekatlas. Vir die student en navorser wat in die evolusie van die vroegste grense van die Kaapkolonie en van die Oos-Kaapse ontwikkeling tot in die twintigste eeu geïnteresseerd is, is dit 'n waardevolle bron en gids.




Hoewel die subtitel suggereer dat die leser met 'n *kartografiese gids* te doen het, het die werk veel meer om die lyf. Die teks wat die bykans veertig kaarte toelig, berus op deeglike bronnestudie en argivale navorsing. Dit kan in die meeste gevalle met vrug geraadpleeg word selfs sonder verwysing na die kaarte waarop dit betrekking het. Die gebruiker mag selfs vind dat hy meer detailinligting uit die teks as uit die kaarte kan haal.

Binne die bestek van die opdrag wat die skrywers aan hulleself gestel het, word 'n wye terrein gedek. In die eerste hoofstuk word met behulp van 'n reeks kaarte 'n oorsigtelike uiteensetting gegee van die verspreiding van die inheemse bevolking, asook van die trekbewegings van die Blanke boere uit die weste en die Xhosa uit die ooste tot met die totstandkoming van die landdrosdistrik Graaff-Reinet in 1785 — waardeur die Groot Visrivier as die mees oostelike grens van die Kaapkolonie vasgelê is. Vervolgens word kortliks toeligting gegee met betrekking tot die situasie in die Kaapkolonie in 1800 en 1805, ook wat die vestiging en verspreiding van die Suid-Nguni betref.

Die hoofstukke wat uitsluitlik op die Oos-Kaap betrekking het, word ingelui met 'n bespreking en toeligting van ontwikkelinge aan die Oosgrens in die jare onmiddellik voor die koms en ten tyde van die vestiging van die Britse Setlaars in 1820, en die jare daarna. Die streekhistorikus sal veral geïnteresseerd wees in die uiteensetting van die veldkornetskappe in die landdrosdistrikte Albanie, George, Graaff-Reinet, Somerset en Uitenhage in die jare 1825-36.

Die opstellers gee besondere aandag aan uitstaande historiese episodes soos die Katriviernedersetting (1829-50), sir Benjamin D'Urban se grens-

reëlings (1835), Andries Stockenström se verdragstelsel (1836-44), die Agste Grensoorlog (1850), die anneksasie van die Transkei-gebied en die konsolidasie van die Ciskei en Transkei in die twintigste eeu. Hoewel die Oosgrens as die bakermat van die Groot Trek-beweging beskou word, word geen besondere aandag egter aan trekroetes gegee nie.

*The eastern Cape frontier zone* is 'n netjiese publikasie, maar tegnies tog in baie opsigte onbevredigend. Die uitgewer het die hele werk dwars in plaas van regop uitgelê, wat onnodig was omdat die meeste kaarte hulle leen vir regopuitleg. Die dwarsuitleg bring eerstens mee dat die teks — waarsonder die kaarte nie werklik benut kan word nie — so "ver" van die gebruiker is dat dit met moeite leesbaar is en, tweedens, dat die regopkaarte "onderstebo" geplaas moes word. Vir 'n boek van hierdie formaat wat na verwagting baie gehanteer sal word, moes die materiaal van die buiteblad stewiger gewees het.

Die gebruiker-navorser sal ongetwyfeld groot waardering hê vir die omvattende bronnelys en nuttige register. Alles in ag genome is dit 'n werk wat vir lank met groot vrug gebruik sal word en hopelik ander opstellers sal inspireer.

*A.G. OBERHOLSTER*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*